



HOËRSKOOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

Nuusbrief Newsletter

26 | 2024

0 | 11 | 2024

BELANGRIKE DATUMS

Wo., 20 Nov: Borge-onbyt
Veiligheidskomitee vergadering
Sat, 23 Nov: Familie 4x4 Duinedag (fondsinsameling)



GELUKKIGE VERJAARSDAG

1 Des: Sophia Oosthuizen



PERSONEEL

Mev Carlo-Mari van der Colff neem tot aan die einde van die jaar in mnr Piet Smit se plek as debiteureklerk waar met die moontlikheid van 'n verlenging van haar kontrak in 2025.


Welkom by HSB, Carlo-Mari!

Navrae re. skoolfonds moet aan mev Van der Colff gerig word by 028 424 1210 of skoalgeld@hsbredasdorp.co.za

Haar kantoorure vir 2024 is:

Maandag en Woensdag: 9h00-12h00

Dinsdag en Donderdag: 8h00-15h00



KWARTAALTEMA Connect Community

TERREIN



Baie dankie aan die BD's wat kom dromme verf het! Jul het die BD's se motto "n Betrokke BD is 'n gelukkige BD" gestand gedoen. Jul harde werk word oopreg waardeer.



Die gr 10-dogters Reese Louw, Maya Roeloffze, Kayla Cronjé, Emma Neethling en Jévanley Rautenbach was die aanstigers tot die dromverf-projek. Hul entoesiasme was baie aansteeklik en hulle het vinnig nog leerders gelok om te kom saamverf. Ons waardeer julle entoesiasme en inisiatief.

NUWE DEBIETORDERVORM

Ons het oorgeskakel na die nuwe finansiële d6+-stelsel, daarom het die debietordervorm verander. Die nuwe vorm is op d6+ se webtuiste gelaai en word ook op die whatsapp-groepe versprei.

Die debietordervorm vir Januarie 2025 moet voor 13 Desember 2024 ingegee word sodat dit voor 20 Desember op die stelsel gelaai kan word.

NEW DEBIT ORDER FORM

Since we are using the new financial d6+ system, the debit order form has changed. The new form has been uploaded on d6+'s website and is also being distributed on the whatsapp groups.

The debit order form for January 2025 must be handed in before 13 December because it must be uploaded to the system before 20 December 2024.

CONSUMER STUDIES

The gr 10 Consumer Studies learners' theme for the Consumer Studies practical examination was Christmas. They had to create creative decorations for their carrot cake cupcakes and received marks for serving their creations. The learners did their job very well and can definitely bake cupcakes for Christmas.



SOSIAAL

QUIZ-AAND

Quiz Masters SA het op 7 November vir heerlike pret gesorg tydens 'n hokkiefondsinsameling - 'n Quizz-aand by die Gholfklub.

Baie dankie aan **Overberg Wealth & Risk Management** wat die aand geborg het.

Baie dankie ook aan **BP Kwik & Go** vir die borg van die hoofprys.

Die borge van die prystrekkings verdien beslis 'n groot dankie:

Bredasdorp Kwekery
Crystal Life Water
Tex's Liquor
Bredasdorp Square
Antoinette Events
De Groene Kat

Oasis Blue Bottle Liquors
Oppi Stoep
Point-S
King Chicken
Overberg Speciality Foods

Moyo's Bistro het die venue gratis beskikbaar gestel en boonop heerlike kos bedien. Dit word opreg waardeer. Baie dankie.



HOOFLEIERS VERTEENWOORDIG HSB

Die BD-hoofleiers het op Sondag, 10 November, saam met die skoolhoof, mnr Müller Retief, die seremonie van die NG Kerk Napier ter viering van die wêreldwyse Wapenstilstanddag bygewoon. TJ en Mieke moes op kort kennisgewing open met skriflesing. Hul het die opening knap hanteer – ware BD-ambassadeurs.

**AUDREY BLIGNAULT VEREER**

Die Vriende van die Skeepswrakmuseum het op 4 November ons Overbergse erfenis met 'n baie spesiale geleentheid gevier. Die straat langs die museum, wat na Audrey Blignault vernoem is, het verjaar. Om dié besondere gebeurtenis te vier, het verskeie Bredasdorpers hul gunstelingstorie oor dié Overbergse ikoon voorgelees. Ander gaste het sommer 'n spesiale staaltjie oor Audrey gedeel. Die eregas by die inspirerende oggend was Marié Heese, Audrey se dogter. Sy is self 'n baie bekende skrywer in Suid-Afrika. Dit was 'n voorreg vir Hoërskool Bredasdorp om deel te wees van hierdie unieke viering.

Op die foto vlnr: Willem Strauss (gr 11), Suzanne Pretorius (gr 11), Marié Heese en juf Liezel van Schalkwyk.

HSB KOOR- 4de plek in Suid Afrika

Baie geluk aan Hoërskool Bredasdorp se koor, onder leiding van mevrou Simóne Rossouw, wat aangewys is as Nommer 4 in Suid Afrika by die onlangse Allegretto Nasionale Interprovinciale Eisteddfod. Hierdie Eisteddfod vind jaarliks in al nege provinsies plaas. Aangesien dit 'n landswye eisteddfod is, vind beoordeling by verskeie venues gedurende die jaar plaas.

Die nasionale lys kon eers nadat alle rondtes afgehandel is, gedurende November bekendgemaak word. Die finale top 10-lys sal binne die volgende week op die Eisteddfod se webtuiste geplaas word. Volgens hierdie uitslae, is die koor dus tans as die nommer 1 Allegretto Koor in die Wes-Kaap gelys.

Ons is baie trots op elke leerder van die koor wat met toewyding, dissipline en 'n liefde vir die kunste en musiek, hierdie puik prestasie moontlik gemaak het.

Baie dankie ook aan die skakelonderwyser, mnr Pierre-Etienne Rossouw, vir sy ondersteuning.



**JAARTEMA:
CONNECT**

SPORTUITSLAE:

JEUGSKOU

Die Wes-Kaap Jeugskouspan kon nie vanjaar aan die SA's deelneem nie as gevolg van bek-en-klouseer. Spesiale toekenning is egter gemaak aan deelnemers wat die hoogste punte in die Wes-Kaap in hul onderskeie afdelings behaal het.

Matt Fortuin, gr 12, het die hoogste punte (88%) in die "Culinary Arts/Dairy Preparation Senior" behaal en daarvoor erkenning gekry. Baie geluk, Matt.



ALGEMEEN:

SKENKING VAN KRIEKETMAT

Die Bredasdorp Lions Klub het 'n tweedehandse krieketmat aan HS Bredasdorp geskenk wat vir oefening op die rugbyveld gebruik kan word. Baie dankie!

Foto: MnR Piet-Steyn Marais (Lions Klub)



MIEKE GEKIES VIR BURGER JEUGLEIERSKONFERENSIE

Die 66ste Burger Jeugleierskonferensie word vanjaar vanaf 8 tot 13 Desember gehou. Dié jaarlikse konferensie bestaan al sedert 1959 en bied 'n platform vir jong leiers om hul leierskapsvaardighede te ontwikkel in samewerking met Netwerk 24. Baie geluk aan Mieke Saayman, hoofdogter 2025, wat een van die 60 hoofleiers uit die Wes-, Noord- en Oos-Kaap is wat gekies is om hierdie wonderlike geleentheid by te woon. Die BD's is trots op jou!



FINANSIES

Skoolgeld - Jumping Fox

Ons het 'n nuwe stelsel, nl. Jumping Fox, geïmplementeer om die skool te help met invorderings asook om ouers te herinner aan uitstaande en/of agterstallige skoolgeldbalanse.

Hierdie stelsel is al reeds in werking. Ouers behoort binnekort kommunikasie rakende hul rekeninge te ontvang.

Neem asseblief kennis dat ons met behulp van hierdie nuwe stelsel/program strenger gaan wees met agterstallige rekeninge. Dit beteken dat u na drie waarskuwings op 'n swartlys (blacklist) geplaas kan word.

Skoolgeld - Stratcol

Vanaf 2025 gaan ons van 'n nuwe debietorderstelsel, wat integreer is met D6+, gebruik maak.

Hierdie stelsel word geïmplementeer om die prosessering van debietorders te vergemaklik en om groter veiligheid van ouers se inligting te verseker. Stratcol het nuwe vorms opgestel wat op alle platforms van HSB, asook by die debiteure kantoor, beskikbaar is.

Debietordervorms vir 2025 moet asseblief so spoedig moontlik voltooi en by die debiteure kantoor (mev Van der Colff) ingehandig word. Januarie 2025 se aftrekings moet voor 20 Desember op die sisteem gelaai word.

Ons moedig ouers aan om van hierdie funksie gebruik te maak, dit is veilig en verseker dat u skoolfonds maandeliks betaal word.

FINANCES

School fees - Jumping Fox

We are using a new system, Jumping Fox, to help the school with collections as well as to remind parents of school fee balances that are due and/or outstanding.

This system is already in use. Parents should soon receive communication regarding their accounts

Please note that with the help of this new system/program we will be stricter with accounts that are in arrears. It means that parents can be blacklisted after the third warning.

School fees - Stratcol

From 2025 we will use a new Debit Order system, which integrates with D6+.

This system is being implemented to facilitate the processing of debit orders and to ensure more security of parents' information. Stratcol has created new forms that are available on all BHS platforms, as well as at the debtor's office.

Debit order forms for 2025 must be completed as soon as possible and submitted to the debtor's office (Mrs Van der Colff). The debit orders for January 2025 must be uploaded to the system before 20 December 2024.

We encourage parents to make use of this function, it is safe and ensures that your school fees are paid monthly.

SKOOLTASSE

'n Uitstekende BD-skootas, teen R670, is reeds by die snoepie beskikbaar. Indien u 'n skootas moet vervang, beveel ons aan dat u hierdie tas koop.

Me Dot du Toit is op die volgende dae en tye beskikbaar:

- Tot 27 November: elke dag tot 13h00
- 2-4 Desember: 8h30 – 11h00
- 9 Desember: 8h30 – 11h00

Kontak haar by 062 132 0807 indien u 'n afspraak met haar wil maak.



Skoolsak

SCHOOL BAGS

An excellent BD school bag is already available at the tuck shop at R670 per bag. If you need to replace a school bag, we strongly recommend that you buy this bag.

Ms Dot du Toit is available on the following days and times:

- Until 27 November: every day until 13h00
- 2-4 December: 8h30 – 11h00
- 9 December: 8h30 – 11h00

Contact her on 062 132 0807 if you want to make an appointment.

BACK-'N-BD

Hoëskool Bredasdorp bied baie geleenthede aan ons leerders en huis daarom blink hulle uit op vele terreine. Ongelukkig is daar leerders wat finansieel swaar kry. Hul ouers het dus op 'n paar terreine hulp nodig. Indien 'n oudskolier of besigheid graag 'n leerder op 'n manier wil help, is die volgende opsies moontlik:

- (a) Skooltas teen R670
- (b) Togsak vir sport teen R590 (groot) of teen R350 (klein)
- (c) Skoolbaadjie teen ongeveer R1200
- (d) Bydrae van R1000 vir sporttoerusting (bv. netbalskoene, hokkiestok, ensovoorts)
- (e) Praktiese vak, bv. Verbruikerstudies (Huishoudkunde), RTT (Rekenaarvak), IGO (Tegniese tekeninge) teen R500 per vak per jaar
- (f) Skoolgeld vir 2025 teen R31 136.00 per jaar per kind
- (g) Kosuisgeld vir 2025 teen R30 360.00 per jaar per kind

Skakel gerus die skoolhoof of vir me Marelise Nelson by 028 424 1210 of stuur 'n boodskap na ontvangs@hsbredasdorp.co.za of hoof@hsbredasdorp.co.za indien u 'n BD wil "back". Indien die skenker dit verlang, sal die naam van die leerder aan die skenker bekendgemaak word.



PAWILJOEN

Die trappe by die pawiljoen lyk netjies en spoggerig nadat dit aangepas en geverf is.

Dankie aan mnr **Antonie du Toit** van die beheerliggaam wat die projek bestuur het.

Baie dankie aan **Heuningberg Medical**, die **Ondersteunersklub** en die **OOV** wat die projek geborg het.

Lucor het ook materiaal gegee en **Multicote** het afslag op verf gegee.

Ons waardeer almal se bydraes opreg.



CONNECT TO THE COMMUNITY

Die graad 8 en 9-graadgroepe het gedurende die 4de kwartaal die tema, Connect to the Community, bestuur. Produkte is entoesiasties ingesamel vir die bederfbak-projek wat deur die NG kerk geïnisieer is. Met hierdie uitreik wil ons graag minderbevoordele tydens die Kersseisoen bederf.

Baie dankie aan elke leerder en ouer wat deel gevorm het van dié insameling!

Die BD's het inderdaad omgeeharte.

